# Bybel Avonture vir Jong Lesers

LES 11



# Ek Kan Soos Jesus Wees

## Ek kan teks Lees

**"Julle moet dink en doen soos Christus Jesus gedink en gedoen het" — Filippense 2:5**

## My Storie

Soos wie lyk jy? Jou ma? Jou pa? Jou oupa? Mense vertel my ek lyk soos my pa, en ek is ok daarmee.
My Pa het bruin hare. Ek het bruin hare.
My Pa het 'n groot neus. Ek het 'n groot neus.
My Pa het klein, gepunte ore. Ek het klein, gepunte ore.
Maar daar is iets anders wat my pa het wat ek ook wil hê. My Pa glimlag baie.
Ek bedoel, baie! Hy glimlag vir die mense by die werk. Hy glimlag vir die vullisversamelaar. Hy glimlag vir die polisiebeampte op die hoek. Hy glimlag selfs vir mense wat vir hom frons. Nou die dag het ons met die sypaadjie langs geloop en 'n ou vrou gesien sit op 'n bank voor 'n blomme winkel. "Hallo," het my pa met 'n glimlag geroep.

Die ou vrou het net gefrons en weggekyk. My pa het gestop, vir ‘n oomblik gedink, en toe in die winkel ingegaan. Binnekort het hy teruggekom met 'n mooi blom in sy hand. Hy het gestap tot waar die fronsende ou vrou gesit het en vir haar gesê: "Hallo. My seun en ek wil graag vir jou hierdie mooi blom gee. Ek hoop dit herinner jou aan 'n gelukkige tyd in jou lewe - miskien toe jy nog 'n dogtertjie was. "Toe gee hy die blom aan die verraste vrou. Vaarwel, het my Pa gesê. Toe stap ons weg. Ek het teruggekyk om te sien wat die vrou sou doen. Weet jy wat? Sy het nie meer gefrons nie. Sy het daar gesit en geruik aan die mooi blom en geglimlag sommer met 'n groot, groot glimlag. Ja, dit is my pa. Hy wil hê almal moet gelukkig wees, insluitend ou dames wat sit voor blomme winkels. Weet jy wat? Ek wil ook graag geluk aan mense bring - selfs mense wat ek nie ken nie. Solank ek soos my pa lyk, kan ek net sowel soos hy optree. Toe ek vir my Pa gevra het hoekom hy so baie glimlag en hoekom hy mooi dinge vir mense doen, sê hy iets baie interessant. Hy het gesê, "Ek is 'n Christen. Ek wil graag soos Jesus optree. En Jesus het altyd vir mense geglimlag, mense gehelp en hulle beter laat voel. Wanneer ek Jesus in my hart het, dink ek, ek moet anders optree as die normale mense. "Wel, dit maak heeltemal sin vir my. My pa is my pa. Hy saam met my Ma het my gemaak. Dus, wil ek soos hy optree. Miskien wil jy nie soos jou pa lyk of optree nie. Dis reg. Sommige pa’s het nognie vir Jesus in hulle harte ingenooi nie. Maar jy kan soos jou hemelse Vader optree. Jy kan vriendelik wees en liefdevol, behulpsaam en respekvol. En jy kan mense gelukkig maak. Terloops, die volgende dag toe ons by daardie blommewinkel verbystap, het dieselfde ou dame weer op dieselfde bank gesit. Maar daar was iets anders oor haar. Sy was besig om te glimlag.

## Pret Feite

**GLIMLAG MEER!**

- *Selfs as jy in 'n slegte bui is, kan jy dadelik jou beter voel deur jouself te dwing om te glimlag.*
- *Wetenskaplikes het ontdek dat jou liggaam moet harder werk en gebruik meer spiere om te frons as om te glimlag.*


***Dit is 'n universele teken van geluk:***


*Terwyl handskud, drukkies en buiging almal in verskillende kulture ander betekenisse het, staan glimlag bekend oor die wêreld en in alle kulture as ‘n teken van geluk en aanvaarding.*




# My Bybel Avonture

As jy 'n gesonde plant wil laat groei, moet jy seker maak dat dit sekere voedingswaarde ontvang. **Omkring die items wat 'n plant groot en sterk sal help groei.**




Wanneer jy grootword en soos Jesus wil wees, moet jy seker maak dat jy sekere dinge ontvang. **Omkring die items wat jou sal help om groot te word en soos Jesus te wees.**







Jesus het baie gedink voordat Hy iets gedoen het. Hy wou seker maak dat wat ookal Hy gedoen het, Sy Vader in die hemel gelukkig sou maak. Waaroor het Jesus gedink? Die apostel Paulus gee ons 'n wenk. Kyk na Filippense 4: 8 in die **BIBLIOTEEK** en vul in die ontbrekende letters in die volgende woorde. Onthou, dit is wat iemand wat soos Jesus wil wees sal dink.

**Paulus sê ons moet dink oor wat is:**

W _ _ R
E _ R_ A_R
SK _ _ N
S _ I _ E _
L _ _ F L_K
L _ F _A_R_IG
G _ L _ _ R
G _ H _ _ R



G
L
I
M
L
A
G

## My Gebed

**Dankie, Jesus, dat U my uitnooi om soos U te wees. Soms is dit nie maklik nie, maar U het my gewys hoe ek moet lewe. Ek weet U sal my help elke stap van die pad. Amen.**

## Biblioteek

- "Ten slotte, broers en susters, vul julle gedagtes met alles wat waar, eerbaar, skoon, suiwer, lieflik en lofwaardig is. En leef volgens alles wat julle van my geleer, oorgeneem, gehoor en gesien het." **(Filippense 4:8).**

## My Vriend Ellen Skryf

***"Onder die opleiding van Christus is die dissipels gelei om hulle behoefte aan die Heilige Gees raak te sien .... Christus het hulle gedagtes gevul. In verstand en karakter het hulle soos hulle Meester geword "(The Acts of the Apostles, bl. 45).***

## muntstuk vir jou gedagtes

**Wat is van die dinge waaraan jy graag dink wat jou gelukkig maak?**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________